

# **Die Poortpos en meer . . . .**

**29 Julie 2020**

**Evangelienuus vir elke Montanapoorter**

**1999 - 2020**

**"Groot geword met die genadebrood van die Woord."**



Liewe suster en broer,

Inperkingdag 125 met minder maklike omstandighede . . . .  
Om Christus wil, wil ek vir jou sê:

**"Die Here sal jôú seën,  
en Hy sal jôú behoed.  
Die Here sal sy aanskyn  
altyd oor jôú laat straal  
en jou genadig wees vir ewig.  
Hy sal sy aangesig oor jôú verhef  
en aan jôú sy vrede gee . . . ."**

En 'n "stukkjie" raad vir jou wat ek nou die dag raak lees:

**"WANNEER MÔRE EN SY VRAE AAN JOU DEUR KOM KLOP,  
VRA HOM OF HY POSITIEWE ENERGIE VIR VANDAG SE  
LEWE SAAMDRA, OF NIE . . . ."**

En . . . . Mag ons mekaar uitdaag?

Ek daag jou uit om jou selfoon se alarm so te stel om jou elke twee uur  
vandag bewus te maak van die vraag:

**"Waarvoor kan ek dankie sê?"**

- **HOU MOED!**
- **HOU KOERS!**
- **HOU NIE OP OM DIE HERE TE LOOF NIE!**

## MONTANAPOORT GEMEENTEDINGE:

### ○ MONTANAPOORTERS DANK DIE HERE VIR SOVELE GENADEDINGE. ONDER ANDERE:

- Geloof (Al wankel 'n mens se geloof soms!)
- Kos en heerlike warm koffie. (Om van tee nie eers te praat nie.)
- Winterson wat sy kop by die noordevenster van woonkamers insteek.
- Gebedstyd en tye.
- 'n Bybel in die vertaling wat mens verkies.
- Die inspirerende vreugde van die gemeenskap van gelowiges.
- Gesondheid (positief of negatief) onder omstandigheid.
- Om die lysie met sovele "dankdinge" te kan én te mag aanvul . . . .

### ○ VERJAARSDAE: 29 Julie - 4 Augustus

Vreugdevolle dag en jaar. Psalm 20-1:4 se woorde is ons as gemeente se wens vir jou!

#### **Julie:**

23 Ohna Kuhn (063 827 0816).

29 Marlene Hooneberg (072 125 5077).

31 Edward Maritz (073 043 7372).

#### **Augustus:**

2 Amelia Visser (072 873 4701).

### ○ ONS DINK AAN MEKAAR:

- Elke skoolier in die gemeente. Baie dinge. Baie onsekerheid. Kom ons maak van die onsekerheid 'n geleentheid.
- Die regering oor ons aangestel en in besonder die agbare Staatspresident. Mag hy met insig en gesondheid begenadig word.
- Die gemeente (Centurion omgewing) wat Sondag die tragiese omstandighede tydens die erediens moes beleef dat "aanvallers" die kerkgebou "binne geval" het en alles wat daarna gebeur het. Bid dat pastoor Kobus Erasmus die gemeente tot ruste sal kan bring.
- 'n Stukkende wêreld met 2 Timoteus 3:1-9 in gedagte.
- Gemeentes van die Here en gemeenteleiers wat vele uitdagings moet trotseer.
- Elke sakeman en vrou in die gemeente. Maklik is dit verseker nie in die dae nie!
- Mediese personeel in pandemietyd.

### ○ Lidmate wat siek is (waarvan ons bewus is):

Frances van Zyl (083 653 9070); Marlize, dogter van Tjaart en Tina Vorster (083 376 1676); Hannie Bedford (073 009 8016); Nell Kurpershoek; Jeanne Blignaut (082 822 0046).

○ SIMPATIE:

- Met leedwese die afsterwe van ds. Wouter ten Haaf (emeritus van GK Lydenburg) én ds. Pieter van der Walt van GK Witrivier bekend te maak. Trooswense aan hulle mense!

○ Katkisasie:

→ Voorskools - Gr. 7:

- Les 17

→ Gr. 8-10:

- **Sondag 28 tot 30: Heidelbergse Kategismus. (Nie al te maklike werk nie. Groot asb! Sit hand by en help u verbondskind met genoemde Sondagsafdelings.)**

→ Belydenisklas:

- Ek sien uit daarna om die week se les vir julle aan te bied. Ons belydeniskatkisante is: Madelaine Visser, Carmi Frouws, Ané Minnie, Gebé Kirsten, Madelet van Loggerenberg, René van der Walt en Benna Chambers.



**Advetensies:** Jy is welkom om in Poortpos te adverteer. Stuur 'n kort nota aan dr. Pieter wat, indien daar plek in die Poortpos is, die advertensie sal plaas.

# UIT DIE WOORD

'n Boer(vrou) maak 'n plan . . . .

Sr. Bets Blom in die "kerk". Elke Sondagoggend haar op die spesifieke plekkie tuis te maak. En die plastiese bak? Haar selfoon is daar in om die klankkwaliteit van die "erediens" 100% te verbeter.



Lees uit die Woord: Lukas 10:38-42

Fokusvers: Lukas 10:41,42

Gedagte vir die dag en volgende dae: **Here, ek is moeg . . . .**

Wat sê 'n mens nuut oor hierdie ou-ou stuk verseboodskap? Ek dink ons moet sê:

"DANKIE VIR DIE GESPREK TUSSEN U EN MARTA, HERE JESUS!"

Marta was 'n gewone mens. 'n Goeie mens. Sy was 'n huisvrou van Betanië wat altyd besig was om te dien, te bedien en te sorg. Marta was 'n goeddoenmens: gasvry, vrygewig en warmhartig.

**MAAR, MAAR . . . .**

Marta kon nie altyd "cope" nie. (Vergelyk Lukas 10:40) Want Marta se lewe en haar dae was vol spanning omdat sy so dikwels buite die wil van die Vader was. En Jesus wou haar vrymaak van haar stres en van die eise wat sy aan haarself én aan ander gestel het; Jesus wou haar (en vir jou), so vry soos 'n arend maak. Hy wou haar (en vir jou), uit die beperkings van haar eie manier van doen haal om haar in die sekuriteit en vryheid van die wil van God vir haar lewe te plaas, vas- en vrymaak!

Martamens . . . . en jý is 'n mens.

Kom sit soos Maria by My voetel!

Hoor die Here Jesus vir j<sup>o</sup>u sê . . . . Luister o.l.v. die Heilige Gees!

My kind, my kind, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge. Maar een ding is nodig! By Sy voete en hoor sy woorde:

- Moet jou nie bekommer nie!
- Ek ken jou naam!
- Jy is Myne!
- Laat jou hartsake deur gebed en smeking aan My bekend word!
- Ek sal jou nooit begewe en nooit verlaat nie!

Marta, Marta, Ek soek jou naby . . . . by my voete."

Maak d<sup>i</sup>t die rusplek op jou pad.

Dr. Pieter Heystek  
(Ook 'n Montanapoorter)